8 Mei Romeine 8:26-30, (Teks: 8:28,29)

Die plan van God met ons lewe

Dikwels worstel 'n mens met probleme, swaarkry en mislukkings. In sulke tye wonder 'n mens dikwels of dit nog die moeite werd is om te lewe. Dit is dan dat jy vra: "Wat is die betekenis en die doel van die lewe?"

Op hierdie vraag gee ons teksvers die antwoord: "Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet, die wat Hy volgens sy besluit geroep het."

In alles wat met ons gebeur moet ons as kinders van God vashou aan die troosvolle wete. Hierdie wete sê aan ons dat God 'n plan het met ons lewe. Daarom werk alle dinge vir jou ten goede mee. Alle dinge: die trane van jou droefheid, jou mislukte ideale, jou rou en jou lyde, alles werk mee ten goede.

Maar wat is die inhoud van hierdie plan? Wat het God van ewigheid af besluit moet in jou lewe gebeur? Ons teksvers stel dit baie duidelik. God het ons uitgekies om gelykvormig te word aan die beeld van sy Seun!

God se plan is dat jy in alles wat met jou gebeur die beeld van sy Seun moet vertoon. In alles wat met jou gebeur moet almal sien dat Christus die belangrikste is in jou lewe. Dit moet die hoofdoel wees van jou lewe en die inhoud van jou bestaan.

God se plan met jou lewe is dat jy in voorspoed en in teëspoed, deur die werking van die Heilige Gees, aan die beeld van Christus gelykvormig moet word. Dit is die doel van jou lewe.

Sing: Psalm: 119:23 Ds. PJ. van der Walt (Ladybrand/Tweespruit)